higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

SANITASIE EN HUISHOUDING N4

29 September 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 A
1.2 B
1.3 B
1.4 B
1.5 A
1.6 D
1.7 C
1.8 B
1.9 D
1.10 B

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Waar
2.6 Waar
2.7 Waar
2.8 Onwaar
2.9 Waar
2.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1
- Met ander departemente kommunikeer en saamwerk
- Personeel aanstel, ontslaan en hulle welsyn in ag neem
- Toesighouding, beheer en opleiding van personeel
- Die opstel van diensroosters, verloflyste en loonstate
- Inspekteer en kontroleer of kantore, sitkamers en gastekamers skoon is
- Voltooi en kontroleer kamerbesettingslyste
- Kontroleer en rapporteer onderhoud
- Beheer en toesig oor die linne en waskamer
- Hantering van verlore eiendom
- Bestel en kontroleer voorraad in die departement (10)

3.2
- Sekuriteit
- Seksuele teistering
- Gesondheid en veiligheid
- Werwing en behoud van personeel
- Volhoubaarheid
- Reputasie (6)

3.3
- Hulle moet alles in hulle vermoë doen om gaste te versorg en gemaklik te laat voel.
- Hulle moet 'n verwelkomende atmosfeer skep en vriendelik en betroubaar wees.
- Hulle moet 'n hoë standaard van netheid en algemene instandhouding op alle terreine verseker.
- Die huishoudster moet toesig hou oor alle personeel in die departement en hulle beheer. (4)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Chemikalie wat gebruik word om die meeste bakterieë dood te maak sonder om spore te vernietig

4.1.2 Organisme wat sy gasheer kan siek maak

4.1.3 Afwesigheid van gevaar

4.1.4 Klein (mikro) vorm van lewe (organisme)

4.1.5 ENIGE vorm van val, gly, brand, skroei, elektriese skok, sny en blaas

(5 × 2) (10)

4.2
- Verstaan hoe jou liggaam reageer as jy drink.
- Eet altyd voordat jy drink.
- Drink altyd alle drank stadig.
- Hou dop hoeveel jy drink.
- Drink stadig sodat jou liggaam kan aanpas by die hoeveelheid wat jy drink.
- As jy moet waaksaam wees by die werk, moet jy glad nie drink nie.
- Moet glad nie drink as jy dwelms of medisyne gebruik nie.
- As jy regtig dors is, drink eers water of koeldrank om jou dors te les.
- As jy net drink om dronk te word, is jy onverantwoordelik.
- Jy hoef nie te drink net omdat jou vriende drink nie. (10)

4.3 Inname van voedsel wat besoedel is met 'n groot aantal patogene organismes✓ of inname van gifstowwe✓ wat deur mikroörganismes in kos geproduseer word✓ voor verbruik.✓ (4)

4.4
- Aanhoudende hoes
- Moegheid of swakheid
- Gewigsverlies
- Verlies van eetlus
- Nagsweet
- Borspyn
- Bloed in speeksel
- Benoudheid (8)

4.5
- Kies die regte mes vir elke taak.
- Hou messe te alle tye skerp.
- Plaas messe plat op die tafel.
- Moenie messe in 'n wasbak met opwasmiddel in die water los nie.
- Moenie met messe speel nie. (5)

4.6
- Bly kalm. Tree eers op nadat jy besluit het wat om te doen.
- Onthou noodhulp is slegs tydelik. Sorg dat die pasiënt gemaklik is en help waar nodig.
- Probeer om die aard van die besering te bepaal.
- Hou die pasiënt se lugweë oop.
- Stop bloeding uit 'n gesnyde aar of slagaar.
- Behandel skok en vermy komplikasies.
- Ontbied 'n dokter indien die besering ernstig is. (7)

4.7 Wetenskap van gesondheid (2)

4.8
- Tyd
- Beskikbare voedsel
- Vog
- Temperatuur
- Beskikbare suurstof
- pH
- Kompetisie (Enige 4 × 1) (4)

[50]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Voorkom die verspreiding van siektes
- Voorkom skade
- Voorkom finansiële verliese
- Voorkom vermorsing van voedsel
- Voldoen aan wetgewing (5)

5.1.2
- Maak skoon terwyl jy werk.
- Moenie kos laat rondlê nie.
- Bedek alle voedsel en plaas in houers met digpassende deksels.
- Vervang gereeld vullissakke in die kombuis.
- Maak houers in die kombuis gereeld skoon.
- Maak werkoppervlakke en kapborde skoon en ontsmet dit.
- Werk georganiseerd.
- Stoor voedsel teen die regte temperatuur.
- Gebruik vlieëvangers in die kombuis waar nodig.
- Maak seker toerusting wat gebruik word vir voorbereiding is skoon. (10)

5.2
- Duur
- Gevaarlik
- Beskadig rubberseëls en -pype (3)

5.3
- Verwyder obstruksies en olie op oppervlakke voordat jy dit skoonmaak.
- Herstel alle oppervlakke so gou as moontlik tot 'n perfekte toestand.
- Volg altyd die eenvoudigste skoonmaakmetode.
- Wees bewus van veiligheidsrisiko's soos nat vloere.
- Verwyder alle stof en vullis en moet dit nie na 'n ander areas oordra nie.
- Voer die skoonmaakproses op die vinnigste manier uit.
- Die skoonmaakproses het ten doel om oppervlakke higiëniese te maak.

(Enige 4 × 1) (4)

5.4
- Goeie bakteriedodende aktiwiteit
- Lae toksisiteit vir mense
- Geen invloed op die kleur, reuk of geur van voedsel wat verwerk word nie
- Goedkoop, effektief en gerieflik
- Maklik om te versprei
- Geen invloed op die gebruiker nie (Enige 3 × 1) (3)

5.5
- 'n Depper bestaan uit 'n stuk watte wat om een punt van 'n stokkie gedraai is; dit moet voor gebruik steriel wees.
- Maak die depper nat deur dit in steriele vloeistof te druk en druk dit teen die houer se kant om oortollige vloeistof te verwyder.
- Vryf die klam depper oor die toetsarea om organismes wat daarop vassit op te vee.
- Plaas die depper dan in 'n steriele vloeistof om organismes uit die depper te verwyder.
- Ent en kweek monsters van die vloeistof op gesmelte, afgekoelde seewierjellie. (5)

5.6
- Verhoogde hartklop en bloeddruk
- Rusteloosheid
- Angs
- Slaaploosheid
- Gastro-intestinale versteuring
- Spiertrekkings
- Deurmekaar, verwarde denke en spraak
- Prikkelbaarheid/Geïrriteerdheid
- Onreëlmatige of vinnige hartklop
- Verlies van vloeistof – kan dehidreer (Enige 5 × 1) (5)

5.7
- Gesins- of verhoudingsprobleme
- Probleme by die werk of skool
- Ongelukke
- Regsprobleme
- Finansiële probleme
- Gesondheidsprobleme (Enige 5 × 1) (5)

5.8
- Naloopfase: Selle pas by die omgewing aan en raak groter.
- Logaritmiese fase: Selle vermeerder tot die maksimum wat deur die omgewing ondersteun kan word.
- Stilstaande fase: Groei vertraag weens voedselverbruik, afvalproduksie en oorbevolking.
- Agteruitgangfase: As selle nie na 'n gunstige omgewing oorgedra word nie, sal hulle geleidelik sterf. (4 × 2) (8)

5.9 Tannien is flavonoïede wat in baie kosse voorkom. (2)
[50]

VRAAG 6

6.1
- Baie klein
- Onsigbaar met die blote oog
- Kan slegs gesien word onder vergroting
- Eenselorganismes
- Gevind in alle lewende dinge soos plante en diere
- Vermenigvuldig aseksueel of seksueel (4)

6.2
- Wis die bron van voedselvergitiging uit.
- Hanteer voedsel in alle produksiestadia versigtig om oordrag te voorkom.
- Stoor voedsel gepas om geleenthede vir kontaminering te verminder.
- Kook voedsel deeglik.
- Hou voedsel droog en weg van vog. (5)

6.3
- Gebruik van dieselfde gereedskap om besmette kos te bedien
- Swak aandag aan persoonlike higiëne
- Oop velinfeksies en snye
- Hoes, nies en spoeg terwyl jy kos voorberei
- Half skoongemaakte eetgerei
- Plae, bv. huisvlieë en kakkerlakke
- Knaagdiere soos rotte en muise
- Huishoudelike troeteldiere soos honde, katte en hamsters
- Besmette of siek beeste en melkkoeie
- Besoedelde water
- Grond en stof (11)

6.4
- Kanker
- Lewersiekte
- Hartsiekte
- Niersiekte
- Pankreas funksioneer nie
- Beskadigde maagwand
- Artritis
- Fisiologiese probleme soos depressie, angs
- Wanvoeding (Enige 7 × 1) (7)

6.5
- Bloed, semen or vaginale vloeistof
- Seksuele omgang – man na man of man na vrou of vrou na vrou
- Deel ongesteriliseerde naalde
- Besmette ma na ongebore of pasgebore baba
- Mense wat aan seksueel oordraagbare siektes ly (5)

6.6
- Laat kundiges groot/belangrike herstelwerk doen.
- Moenie elektrisiteit naby water gebruik nie.
- Vervang uitgerafelde koorde dadelik.
- Skakel die stroom af as jy 'n prop indruk of uittrek.
- Moenie aan 'n koord ruk nie. (5)

6.7
- Tabak
- Koffie
- Pynstillers
- Alkohol
- Amfetamien
- Kalmeermiddels
- Sterk dwelms soos opium, heroïne, morfien
- Hallusinogene soos dagga, LSD en kokaïen (Enige 7 × 1) (7)

6.8
- Kyk onder sterk lig: Daar mag geen grond of nattigheid wees nie.
- Voel: Niks mag olierig of grof voel nie.
- Ruik: Niks mag sleg ruik nie. (3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou